# DIE AGOGIESE MOMENT IN DIE PASTORAAT

A. P. C. Duvenage

Die verwarring wat daar vandag in die diakonologiese groep vakke heers, word ten dele weerspieël in die verskeie uitdrukkings en woorde wat gebruik word. By verskillende mense het dit heeltemal verskillende inhoude. Daarom dink ek is dit nodig om te begin met 'n begripsbepaling, om dan later oor die saak te praat.

## 1. Begripsbepaling

1.1. *Die agogiese moment.* Die woord *agogies* is afgelei van die Griekse woord *agōgē* wat o.a. opleiding, of opvoeding kan beteken. Ons kry 'n verbindingsvorm van die woord in *pedagogiek* (die wetenskap hoe om aan die kind leiding te gee, kinderopvoeding of kinderonderwys), *demagogie* (volksleiding) en *psigagogie* ('n sielkundige rigting wat hom toespits op heropvoeding). Dit gaan hier dus om die leiding wat gegee word. In Grieks het dit dikwels die dieper betekenis van *onderrig* of *onderwys*.[1] Dit het dan min of meer dieselfde betekenis as *didaskalia,* wat onderwys beteken.

*agōgē* dui die konkrete aktiwiteit van voer of lei aan, soos bv. die stuur van mens of dier. In die gegoede Griekse gesinne was daar dikwels 'n slaaf aan wie die agōgē van die kind opgedra is.

Agogie kan dus ten dele beskou word as die leiding wat aan die lidmaat gegee word in die diakonologiese of praktiese werk van die kerk. Dit is vormingswerk. Dit is die krag wat die mens in beweging bring, sodat daar 'n verandering intree.

Vandat die Aufklärung met sy besondere belangstelling in die mens en sy nood gekom het, het daar 'n massa pogings gekom om die volwassene te help om tot groter volwassenheid te kom. Die leuse van hierdie verligting was: Outonomie van die menslike rede op alle terreine van die lewe.[2] Die gevaar dreig voortdurend, en veral nou met die ontplooiing van die eksistensialisme, dat die agogiese vasgepen word op die menslike vlak. Stam protesteer luid as hy sê: „De prediker is niet de opvoeder van de gemeente, nog de exponent van de christelijkheid van de gemeente. Goddank niet! Hij is een door God geroepene, die in opdracht het Woord Gods te verkondigen heeft".[3] Ook Asmussen is die mening toegedaan dat opvoeding vir die pastor vreemde werk is.[4] Die pastoraat wat opvoedend wil wees, loop gevaar om aan sy roeping ontrou te word deurdat dit maklik die Woord nie *dien* nie, maar *gebruik.*[5] 'n Ander wesenlike gevaar is dat die evangelies wetties gemaak kan word: „Dit moet jy doen en dit moet jy nalaat". Die ware wysheid gaan egter veel dieper as die moets en moenies van die Bybel (Spr. 1 : 7), want dit gaan tog om Christus in die eerste plek.

Daarom moet die horisontale lyn, nl. dat dit God is wat werk, wat tot lewe bring, nooit uit die oog verloor word nie. Die Here maak gebruik van middels om die lewe te werk. „In dat hele verschijnsel van het komen van God in zijn Woord door het dienst van het pasto-

raal optreden is een kracht die de mens beweegt. Het komen van God tot de mens betekent: tot leven wekken. En dat leven is werkelijk *leven;* niet een statisch zijn, een gearriveerd-zijn, maar een in-wording-, in-beweging-, in-verandering-zijn, een op-weg-zijn, een vernieuwdworden van dag tot dag" (2 Cor. 4 : 16).[6]

In Ef. 4 word die agogiese moment baie goed weergegee: „En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees wat soos golwe heen en weer geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam — goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate — die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde" (Ef. 4 : 11—16).

Vir die gemeente van die Filippense bid Paulus „dat julle liefde nog meer en meer oorvloedig mag word in kennis en alle ervaring, om die dinge waarop dit aankom, te onderskei, sodat julle rein en vir niemand 'n aanstoot mag wees nie, tot op die dag van Christus, vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God" (Fil. 1 : 9—11). Dat die gemeente van Kolosse in die kennis van God mag groei, is die inhoud van Paulus se gebed (Kol. 1 : 10). Die geloofslewe is nie iets staties nadat God in die mens se lewe ingegryp het nie, maar groei is nodig: „Ons roem nie buite die maat in die arbeid van ander nie, maar ons het hoop om, wanneer julle geloof toeneem, in hoër mate onder julle toe te neem volgens ons werking . . ." (1 Kor. 10 : 15). Die gemeente van Christus moet opgroei soos 'n bouwerk wat goed saamgevoeg, verrys (Ef. 2 : 21). Bolkenstein wys daarop dat daar ook in die liefde 'n groei moet wees. (Sien Ef. 4 : 15, 16).[7] Pragtig stel die apostel Petrus die beginsel: „Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpratery; en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord, dat julle daardeur kan opgroei (1 Pet. 2 : 2). Dat daar selfs in die bediening groei is, toon Paulus in 1 Kor. 3 : 2 aan: „Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spyse nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie . . ." (1 Kor. 3 : 2). 'n Klein entjie verder sê hy: „Ek het geplant, Apollos het nagemaak, maar God het laat groei" (1 Kor. 3 : 6). Petrus praat ook weer van 'n toeneem in genade en kennis van die Here (2 Pet. 3 : 18).

Die agogiese moment is die krag wat die mens, op wie dit gerig is, in beweging bring sodat daar 'n verandering intree. Of anders uitgedruk — en hiermee word 'n verkeerde, eensydige benadering afgewys: „God komt in zijn woord door het intermediair van het pastoraal optreden om de mens tot leven te brengen; dat betekent

dat er in het pastoraal optreden een agogisch moment is".[8]

1.2. *Pastoraat.* Oor so 'n eenvoudige en dikwels gebruikte woord, moet ook iets gesê word. Almal verstaan nie dieselfde onder die woord nie. In sy brosjure: „Kerk en Pastoraat", gaan prof. W. J. de Klerk uit van die standpunt dat pastoraat die persoonlike sorg aan die enkeling is. Dus, wat die ander Sielsorg of Poimeniek noem.[9] Gilhuis gebruik ook die begrippe *pastoraat, pastorale sorg* en *pastorale hulp,* om dieselfde tipe arbeid aan te dui.[10] Ek gebruik hier egter die woord soos omskryf in die Christelike Ensiklopedie: „Pastoraat is de herderlijke verzorging der gemeente door Woordverkondiging, Sacramentsbediening, voorgaan in de dienst der gebeden, huisbezoek, vermaning en vertroosting".[11] Die pastoraat omvat dus al die amptelike vakke, of die diakonologiese groep — die herderlike werk.

1.3. *Pastorale optrede.* Ek wil graag hierdie begrip ook wyer gebruik as wat dit in ons plaaslike Gereformeerde teologie gebruiklik is, soos Firet dit uitdruk: „Met de term *pastoraal optreden* bedoelen we aan te duiden: de ambtelijke aktiwiteit van iemand die geroepen is pastor te zijn in actuele betrokkenheid op anderen of een ander voor wie hij pastor heeft te zijn".[12] Die pastorale optrede is dan die tussenvorm van die koms van God in sy Woord tot die gemeente, of selfs wyer, tot die mens.

1.4. *Pastoraal.* Alhoewel ietwat verwarrend sal ek tog die term *pastoraal* gebruik vir die vak pastoraal. Die naam *poimeniek* het heeltemal in onbruik geraak en omdat *pastoraal* so algemeen gebruik word, is dit gerade om dit te behou. Die benaming *Sielsorg* gaan gebuk onder nog meer besware.

1.5. *Samevatting en terreinafbakening.* Die hoofsaak in die agogiese moment is die gemeenskap met God. God kom tot die mens deur sy Woord, bevestig dié koms deur die Heilige Gees in die hart van die mens. Dit doen die Here middellik, o.a. deur die pastoraat. Soos ek later sal aantoon, en uit die reeds genoemde tekste kan aflei, is die mens op wie die agogiese moment gerig is, nie passief nie, en kry hy deur sy verantwoordelikheid deel aan die agogiese moment wat op hom gerig is.

Daar is ook 'n *negatiewe ontwikkeling,* 'n verhardingsproses wat deur die koms van God tot die mens veroorsaak kan word (Rom. 9 : 22—24). Ook hierin — die negatiewe ontwikkeling — is die mens aktief begrepe (Luk. 13 : 27; Luk. 19 : 11—27; Matt. 25 : 45). So kan die reuk van Gods kennis, wat deur „ons oral versprei" word, 'n reuk van die dood tot die dood, of 'n reuk van die lewe tot die lewe, wees (2 Kor. 2 : 14, 15, 16). Die agogiese moment vind sy diepste grond in die Raad van God. Daarom kan ook die negatiewe ontwikkeling of „opvoeding" agogies wees (vgl. Rom. 9 : 22—24). Opmerklik gebruik Paulus vir die woord (vir die verderf) *toeberei,* presies dieselfde woord as in 1 Thess. 3 : 10 *(om te voltooi* wat aan julle geloof ontbreek). Dat die agogiese moment negatief kan wees, gerig op die uiteindelike toorn van God, raak lastige vrae aan. Maar

dit open beslis interessante gesigspunte vir die bediening van Gods koninkryk. Tog wil ek nie daarop ingaan nie, maar my meer toespits op die verwerkliking van die genade in Christus.

## 2. Die agogiese moment in die pastoraat as die daad van God

Die kern van die pastorale optrede bly *die daad van God,* wat in sy Woord na die mens kom.[13] Ds. De Nie noem die versoening die hart van die evangelie.[14] Paulus stempel sy bediening as bediening van die versoening, „naamlik dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou" (2 Kor. 5 : 19).

2.1. *Breuk met God en die versoening.* Versoening, gemeenskap met God, het nodig geword omdat die sonde die mens uit die gemeenskap met God geruk het. Sonde beteken om te breek met God. In al die woorde wat in die Bybel vir sonde gebruik word, lê dit implisiet opgesluit. 'n Karakteristieke eienskap van sonde is dat dit direk teen God gerig is, ongeag die verhoudingsvlak waarin dit gebeur (Ps. 51 : 4; Rom. 8 : 7). Die Hebreeuse woord *peša,* laat die erns van die sonde duidelik uitkom. Dit beteken om met iemand te breek, van iemand af te val, teen iemand op te staan. Sonde is dus die verbreking van die verbond. En die uiteinde daarvan bly die dood (Gen. 2 : 17).

Miskenning, verswakking van die gevolge of 'n verskraling van die sonde, is 'n proses wat eeue lank al aan die gang is. Die ingewikkeldheid van die sondebegrip het talle teoloë verlei om dit te probeer vereenvoudig. Die mens is ook in die teologie geneig om die vreeslike werklikheid te probeer ontvlug, en so eerder die sonde te probeer wegpraat, of dit goed te praat, as om op die werklike oplossing of *versoening* daarvan te konsentreer. 'n Belangrike bydrae is die afgelope tyd deur die nie-christelike sielkunde gedoen om die sondebegrip af te takel. Die sielkunde het verbasend baie gedoen om die mens in sy verwarring en vervreemding beter te begryp. Daarom het 'n uiters welkome verband tussen teologie en sielkunde ontstaan. Maar in die nie-christelike sielkunde word die skuldgevoelens (neuroties, patalogies, sowel as werklike skuld) nie in verband gebring met sonde in Bybelse sin nie. Ten spyte van die vrugbare wat deur die nie-christelike sielkunde (en sosiologie) bereik is, word die skuld van die mens tot allerlei herlei, sonder dat die wortel van die skuld, nl. die vervreemding van God, raakgesien word. Daarom word die terapie 'n saak van *aanpassing,* i.p.v. *versoening.* Mede as gevolg van die noue band tussen sielkunde en godsdiens het baie Christene ook in die groef beland om die skuld van die mens te herlei tot allerlei oorsake, sonder om die breuk met God as die grondoorsaak te erken. McKenzie het dit mooi gestel: „Analytical psychology... can lay bare where the roots of man's estrangement lie; but it cannot offer forgiveness; it can lay bare where man misses the meaning of life or is unadjusted to life, but it cannot give him a meaning, nor can it give him objective condi-

tions to which he can become adjusted. Religion alone can create the faith, hope, love and insight through which his guilt-feelings are dissipated, and the way cleared for the image of God to realize itself".[15] (Let op hoe McKenzie ook nie loskom van die gevaar om die hele probleem van sondeskuld te vervlak nie.) Juis die onvermoë van die sielkunde om die werklike diepte van die skuld te peil, en op te los, laat dit wegskram van die diepere greep wat die Bybel openbaar.

Buitendien vind 'n losse, oppervlakkige sondebegrip baie makliker aansluiting by die humanisme en die humanistiese eksistensialisme, die liberalisme en talle geestelike rigtings wat parasities in die teologiese wêreld leef. By die eksistensialistiese benadering, soos ons dit vind by J. A. T. Robinson, Rudolf Bultman, Paul Tillich e.a., kan daar later nie meer iets van die Bybelse sondebegrip oor wees nie. As die ewige God Hom slegs laat vind in, met en onder die eindige gestalte van die eindige „jy",[16] dan moet die juiste sondebegrip spat. Net een aanhaling kan die hele krisis illustreer: „Thus an existential pastoral theology will constantly clear the way for the person to make his own decisions. It will see him as someone who really needs and wants to be his own active center, either in obedience or disobedience. Existensialism is consistently voluntaristic".[17]

Sonde is en bly opstand teen God. Die hele heilsbehandeling van God in Christus Jesus is gerig op die vergewing van of verlossing uit die sonde.[18] Dit word uitgedruk in die woord *genade*, wat beteken om onverwags na iemand oor te buig.[19] In die herstel van die gemeenskap tussen God en mens, kry ons die herskeppende krag van God. Die eksistensialisme herlei alles egter tot die horisontale vlak.

Miskenning, verswakking van die sonde en die gevolge van die sonde, verskraal of wis die behoefte aan die genade van God uit. As die kern van die pastoraat die bediening van die versoening is, gaan die sondebegrip òf dieptegang aan die pastoraat verleen, òf die gebrek daaraan laat dit na die oppervlakte kurkprop, en dan moet die klem in die pastoraat noodwendig op die tussen-menslike verhoudings val.

2.2. *God tree in gemeenskap met die mens.* Die gemeenskap met Christus is 'n geloofsgemeenskap. Die geloof is dus die onontbeerlike voorwaarde vir die verwerkliking van die gemeenskap met God. As Paulus vir die Efesiërs bid om met krag versterk te word deur die Heilige Gees, dan sê hy: „sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon" (Ef. 3 : 17).

„Geregtigheid en heiligmaking word ons in die Woord van God voorgehou as gawes van God wat ons geskenk word in die persoon van Christus. En soos Christus met al sy gawes en weldade ons van Gods kant alleen deur en in die Gees meegedeel word, so kan Christus en sy gawes en weldade van ons kant alleen deur die geloof ontvang word." [20]

Waar kom so 'n geloof vandaan?

Dan sê die Kategismus: „Die Heilige Gees werk dit in my hart".

Die geloof word deur God in ons harte gewerk. Daarom vorm die *voorbede* so 'n integrale deel van die pastoraat. „De weg van de zielszorg is een weg, die alleen in het gebed begaan kan worden".[21] Calvyn het dit mooi uitgedruk: „Door de weldaad van het gebed verkrijgen wij dus dat wij doordringen tot die rijkdommen, die voor ons bij de hemelse Vader zijn weggelegd".[22] In die gebed stel ons ons afhanklik van God, wat alleen kan gee. Die voorbede van die pastor (Kol. 1 : 3), die voorbede van die gemeente vir die pastor (1 Thess. 5 : 25) en die gebed van die gelowige in sy stryd (Ef. 6 : 18) is die belangrike faktore in die stryd.

Die groot pastor, Paulus, was tegelykertyd die groot bidder. Daarom kan Brillenburg Wurth sê: „De kracht van hul zielzorg lag in hun voorbede". Hy sê ook heel tereg dat pastoraal 'n onmoontlike werk is sonder die gebed.[23]

2.3. *God tree in gemeenskap met die mens deur sy Woord en sy Gees.* As God met die mens in gemeenskap tree, maak Hy gebruik van middels. Reeds is daarop gewys dat die sondebegrip een van die bepalende faktore in die pastoraat is. Nog baie meer fundamenteel is die Skrifbeskouing. Die Hoër Skrifkritiek, met sy verskeidenheid skole en rigtings, het gesorg vir 'n asemberowende sterrereën van beskouings oor die Skrif. Almal het dit in gemeen dat die ou aanvaarde begrip: „Die Bybel is die Woord van God", nou omskryf, geherinterpreteer word, of heeltemal misken word. In breë trekke kan gestel word dat hulle aanvaar dat die Bybel nie identies is met die besondere openbaring nie, hoewel openbaring in die Bybel gevind word. Die Bybel is dan 'n produk van menslike arbeid. Van Rad reduseer die Bybel tot 'n weergawe van die geloof van daardie tyd. Die ou sentrale verlossingsgeskiedenis word oor en oor geherformuleer en geïnterpreteer.[24] Daarmee word die goddelike gesag van die Bybel nie net bevraagteken nie, maar totaal op losse skroewe gestel.[25] Die miskenning van die Woord as die Woord van God het ingrypende betekenis vir die pastoraat. J. Kenneth Morris kan in die een asem opmerk: „The minister counselor must never forget that those who come to him for counseling are seeking redemption from the Egypt of their environment, which has become dark and oppressive".[26] Pragtig! Maar dan sê hy 'n entjie verder, met die oog op 'n geval waar 'n paar wil skei: „They do not want to re-unite, desiring only a divorce. The counselor must accept this, because it is not his province to say what must be done. He can only help the counselee to a conclusion acceptable to his conscience and trust that it may be acceptable to God".[27] Dan vervolg hy: „In developing a Christian attitude toward sex we cannot go back to Old Testament standards for the answer. The Old Testament teachings definitely reflect ancient Semetic taboos and attitudes ... Nor can we follow blindly New Testament ideas regarding sex, for these are influenced by the Old Testament".[28]

Dieselfde beskouings laat hulleself geld in die prediking. Stam het, in navolging van Barth, gesê: „De verkondiging kan nie anders dan zich in dienst stellen van God, die spreekt, maar de kerkelijke verkondiging kan niet identiek zijn met het Woord Gods".[29] God

bly eintlik dus die onkenbare, wat nooit met sekerheid geken kan word nie. In die opkoms van die eksistensialisme in die pastoraat, het die rol van Gods Woord inderdaad in die gedrang gekom. Die Woord van God is nie meer die norm, die spil waarom die prediking, of die pastoraat draai nie, maar die ervaring.[30] Die prediker put dan nie uit die Woord van God nie, maar uit sy ervaringsrykdom.[31] Dit moet lei tot 'n godsdiens sonder Bybel, en uiteindelik 'n godsdiens sonder God — as hulle eerlik wil wees.

Kuyper het alreeds gesê dat die moderne Skrifkritiek, met sy gekrap en probleemstellings 'n gevaar is vir die gemeente, omdat dit „haar teologie opheft, haar Bijbel wegrooft en haar vrijheid in Christus vernietigt".[32]

Teen die ou vrysinnige Skrifbeskouing en die neo-ortodokse, neo-liberale Skrifbeskouing[33] moet ons beslis standpunt inneem.

Sentraal in die pastoraat is nie die aktiwiteit van die mens nie, maar die daad van God, wat deur die amptelike diens van sy Woord tot die mens kom.[34] Bavinck het dit baie mooi uitgedruk: „Het is altijd zijn woord; Hij is er altijd bij tegenwoordig; Hij draagt het steeds door zijne almachtige en alomtegenwoordige kracht; Hij is het altijd zelf, die in wat vorm en door wat middelen dan ook, het tot de menschen brengt en er hen door roept".[35] God kan die Woord gebruik om te verhard — 'n reuk van die dood tot die dood! Maar op grond van die versoening tree die oneindige God in gemeenskap met die mens. Hy maak Hom kenbaar. Hy gee Hom in sy Woord. Met hierdie uittree van God uit sy verborgenheid, word 'n nuwe gemeenskap met die mens geskep: 'n gemeenskap wat vir die ter dood gedoemde mens lewe beteken. Dwarsdeur al die eeue het die koninkryk langs die weg van die bediening van die Woord gekom. En, so kan Ridderbos sê, die middellike weg van die Woord bepaal die hele heilsbedeling vanaf Pinkster tot aan die wederkoms van Christus.[36] Waar die eksistensialisme baie klem lê op die diesseitige, is die tragiek dat hulle in hul geroep om beter begrip, die eintlike begrip in God prysgee. Gevolglik kan hulle die nood van die mens nie peil en die heilsboodskap nie meer bring nie. In die openbaring van die Here kry ons bestaan tog weer sin. Gods Woord is ook openbaring van die waarheid, die dieper sin van dinge. En as God in sy Woord kom, dan verwerklik Hy die heil. Hy wend Hom tot die mens (genade!), Hy tree op ten behoewe van die mens, Hy deel Hom mee aan die mens.[37]

God tree uit sy verborgenheid deur sy Woord.
Hy openbaar Hom aan die mens in sy Woord.
Hy openbaar die onsin en sin van dinge deur sy Woord.
Hy verwerklik die heil deur sy Woord.

So is die Woord van God ook die daad van die Here, wat deur die Heilige Gees in ons lewe verwerklik word.

Hierin wys ons ook die *mistiese opvatting* af. Die mistiese opvatting laat alle klem val op die onmiddellike werking van Gods Gees in die mens, ten koste van die middellike werking. Die ingewy-

des besit die inwendige lig en het die lig van die Woord nie nodig nie.

Ten spyte van die geweldige belangrikheid van die Woord is dit geen magiese mag wat outomaties werk nie. Dit bly die middel, die weg waarlangs God met die mens in gemeenskap tree; dit bly die middel in die hand van die Heilige Gees. Die Bybel vind sy grootheid en onmisbaarheid slegs in God.

## 3. Die pastor en die agogiese moment in die pastoraat

Die oorbeklemtoning van die rol van die pastor in die agogiese moment bly 'n wesenlike gevaar in vele opsigte! Veral in die nuwere eksistensialistiese Amerikaanse pastoraat (en die volgelinge van die hoër kritiek kan nie ver agterbly nie) word die pastor en die lidmaat die groot figure in die pastoraat. Vir die groot figuur van die Amerikaanse pastoraat, Seward Hiltner, het dit gegaan om die geestelike gesondheid van die mens. Dié geestelike gesondheid moet dan verstaan word as „real adjustment".[38] Die pastor is dan die bewerker van die aanpassing, met die middele en kennis tot sy beskikking. Al word die naam van God nie geïgnoreer nie, kry ons tog 'n ernstige klemverskuiwing van die jenseitige na die diesseitige: die wêreldlike humanistiese geloof dat al die moeilike vrae oor die sin en die waarde binne die grenspale van hierdie bestaan lê. In 'n gebedjie is die saak goed opgesom: „Give us the grace to communicate ourselves and the patience to wait for healing understanding".[39]

Die pastor staan egter hoofsaaklik in tweërlei verband: hy ontvang sy opdrag en toerusting van sy Opdraggewer, God. Die Bybel gebruik ook die mooi woord *Opperherder* (1 Pet. 5 : 4). Die pastoraat is niks meer as 'n afskaduwing van die „pastoraat" van Jesus Christus nie, en wys daarheen. Dit is waarheid slegs as die pastoraat hom kenbaar maak as die pastoraat van Jesus Christus. Alle herderlike werk is primêr God se werk (Joh. 10 : 11, 14; Joh. 21 : 15). God is dit wat versorg (Luk. 1 : 68). God is dit wat vertroos (2 Kor. 1 : 16; 2 Thess. 2 : 16). Dit is God wat hulle versterk (Rom. 16 : 25; 2 Thess. 2 : 17). Dit is God wat hulle volmaak toerus (Hebr. 13 : 20). Dit is God wat teregwys (Ef. 6 : 4). Dit is God wat die mens oortuig (Joh. 16 : 8). Dit is God wat opbou (Matt. 16 : 18). Dit is God wat geduld het (2 Pet. 3 : 9, 15; Rom. 2 : 4). God is die subjek van die herderlike handeling. Daarom is die apostels ook apostels genoem. 'n Apostel is 'n gestuurde, wat namens die Here werk en Hom verteenwoordig.[40] Die pastor is 'n opdraghouer van Jesus Christus: so, dat God selfs bepaal wanneer die bediening aan 'n persoon gestaak moet of mag word (Matt. 10 : 14; Hebr. 6 : 4—6; 1 Joh. 5 : 16).

Die norm word nie aan die praktyk of praktiese resultate ontleen nie. In die praktyk is dit tog so dat ons baie behep is met die praktiese resultate.

Oorskatting van die pastor as persoon is verkeerd.

'n Uitbou van die pastoraat waar die pastor te sentraal te staan kom, is fataal. Ek het 'n tyd gelede na 'n opname van 'n preek van Norman Vincent Peale geluister. Dit het gegaan oor „Peace". Herhaaldelik het hy vertel wat die Marble Collegiate Church in

New York vir mense beteken. Briewe van waardering is voorgelees. „Suksesvolle" verhaaltjies wat mense gehelp het, is weer herhaal. Kan dit nog die bediening van die versoening wees as die bediening in sy wese nie meer bediening van Christus is nie? Die té belangrike figuur van die suksesvolle(?) pastor bly 'n wesenlike gevaar vir die pastoraat.

Tog is die pastor nie 'n onmondige robot nie, want daar kan onderskei word tussen goeie herders en slegte herders (Eseg. 34). So word Timotheus en Titus opgeroep om te vermaan en te vertroos (1 Tim. 4 : 13 ens., Titus 2 : 6, 15). Titus kry opdrag om tereg te wys (Titus 3 : 10). Wel word hulle begiftig en toegerus deur die Heilige Gees. Dit kanselleer die geweldige verantwoordelikheid wat die pastor het, nie. In die Dordtse Leerreëls word dit so gestel: „Die almagtige werking van God waardeur Hy ons natuurlike lewe voortbring en onderhou, sluit nie uit nie, maar vereis die gebruik van die middele waardeur God na sy oneindige wysheid en goedheid hierdie krag van Hom wou uitoefen... Want deur middel van die vermaninge word die genade meegedeel. Hoe vaardiger ons dan ook ons amp uitoefen, des te heerliker word gewoonlik die weldaad openbaar wat God in ons werk, en sy werk vorder dan op die allerbeste manier" (hfst. III en IV, art. 17). Die geheimenis van Gods werk deur middels bly ondeurgrondelik en wonderbaar! Die pastor is die medewerker van God (1 Kor. 3 : 9).

'n Ander verband waarin die pastor staan, is die band met die gemeente, of die lidmaat: die mens tot wie die bediening gerig word. Die Bybel het 'n ryke variasie woorde om hierdie bediening te tipeer: die herder moet aan hulle weiding verskaf, die swakkes moet versterk word, die wat weggedryf is, moet teruggebring word. Die wat verlore is, moet gesoek word (Eseg. 34 : 4). Dit is een van die mooi aspekte van die pastoraat dat dit die behoefte van die lidmaat op 'n besondere wyse in berekening bring.

Die siening dat die pastoraat hom altyd moet bemoei met die mens in sy nood, is eensydig. Paulus skryf: „Maar as iemand God liefhet, dié word deur Hom geken" (1 Kor. 8 : 3). Die woord *ken* druk tog ook die besondere sorg van God teenoor die mens uit. Daarom mag die pastoraat nie net op die ellende van die mens gerig wees nie. Ons kan dit ten dele in die taal van die Kategismus uitdruk: die verloste moet ook agogies gevoer word tot oorvloediger dankbaarheid. So vermaan Paulus die Thessalonisense om *nog oorvloediger* te wees (1 Thess. 4 : 2, 10). Ons weet dat die deursnit Amerikaanse en selfs Europese pastoraat 'n taai klap van die eksistensialisme weg het. Die eksistensialisme is in 'n besondere wyse gerig op die nood van die mens.[41] Die pastoraat het egter ook 'n wesenlike taak om dit wat reeds oorvloedig is, nog oorvloediger te maak (1 Thess. 4 : 1; 1 Thess. 3 : 12; Fil. 3 : 12).

Dit neem egter nie weg dat die ellende van die mens 'n besondere plek in die pastoraat het nie. As ons kan beweer dat die sondebegrip die dieptegang van die pastoraat bepaal, dan kan beweer word dat tussen die kennis van die ellende en die genade van God die lyn gespan word wat rigting aan die pastoraat gee. Die Kate-

gismus leer ons dat die trooslewe begin by die kennis van ons ellende (vr. en antw. 2). Op die vraag: „Wat behoort by so 'n gebed wat God welgevallig is en deur Hom verhoor word?", antwoord die Kategismus o.a.: „Dat ons ons nood en ellendigheid reg en grondig moet ken, sodat ons ons voor die aangesig van sy majesteit sal verootmoedig" (vr. en antw. 117). Die kennis van die ellende bied nie self die genade-oplossing nie. Die genade word gevind voor die aangesig van God, maar niemand kan ontken dat die begrip van die nood en ellende 'n baie, baie belangrike aanloop is in die bediening van die versoening.

Ons wêreld word vandag rewolusionêr 'n kookpot van talle probleme — geestelike probleme. Die gesondheid van die gees verkeer in krisis, die seksualisme van ons eeu plaas ons in 'n krisis, die materialisme van ons eeu plaas ons in 'n krisis, die verstedeliking met al sy newe-effekte, die emosionele verkilling, die versaakliking van die lewe, die opkoms van 'n oneindige aantal neurotiese probleme, en soveel meer, maak dit 'n moeilike wêreld om in groot te word en te lewe. Van die gelowige word gevra dat hy sy nood en ellendigheid reg en grondig moet verstaan. Daarom bly dit ook die taak van die pastor om die nood en ellendigheid van sy naaste te kan peil. In die fenomenologiese metodes van die eksistensialisme, of soos dit ook genoem word, „the internal frame of reference", kry ons tog iets moois. Al kan ons nie volmondig met alles saamstem nie, het die Kategismus dit reeds in die regte sin in vr. en antw. 117 onderstreep. Ons moet ons nood en ellendigheid *reg* en *grondig* verstaan. Wat die gemiddelde man voel en ervaar, sê hulle, tel nie. Hier is die eksistensialisme te individualisties. Maar die mooie is dat hulle dit baie uitdruklik stel: elke mens het 'n wêreld. Elke mens het sy eie unieke ervaring. Daarom lê die eksistensialistiese pastoraat soveel klem op die diepe, persoonlike deelname van die pastor in die verhoudings van die lidmaat. So kan Klink sê: „Understanding conflict is central in pastoral work".[42] Die pastor moet in staat wees om in die skoene van die lidmaat te gaan staan. Die eksistensialisme het die hele krisisbelewing van die mens sy besondere sorg gemaak. Heidegger het dit so uitgedruk: ons tyd is tussen die Nie-meer van die gode wat gevlug het en die Nog-nie van die god wat kom.[43]

Sonder om die nood van die mens in die sentrum te gaan plaas, soos die eksistensialisme dit doen, kan die belangrikheid van die begrip van die nood en ellende van die mens nie gering geskat word nie. Dit is die weg waarlangs die Here werk. In sy nood staan die mens afhanklik van God. Die saak waarom dit gaan, word baie mooi in die gebed van Josafat saamgevat: „Onse God, sal U nie teen hulle strafgerig oefen nie? Want in ons is geen krag teenoor hierdie menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U" (2 Kron. 20 : 12).

Die ware pastor moet nie net die afhanklike-van-God, die gelowige kenner van die Woord van God wees nie, maar ook die bekwame kenner van die nood van die mens tot wie hy gestuur word. Hierdie twee pole, God, sy Opdraggewer en die mens tot wie Hy gestuur word, bepaal die rigting van die pastoraat.[44]

## 4. Die lidmaat en die agogiese moment in die pastoraat

4.1. *Die amp van die gelowige.* God kom deur sy Woord tot die mens. Dit maak egter nie van die mens 'n blote voorwerp van die agogiese moment nie. Die wonderlike is dat ook die volk van God deel het aan die agogiese moment. „Deur die gemeenskap met Christus en deur die salwing van die Heilige Gees (1 Joh. 2 : 20) keer die drievoudige diens van Christus in ons terug en kan die gelowiges ampsdraers genoem word. Dit is die algemene amp van die gelowiges: profeties — om God te ken en te bely; priesterlik — om ons aan die Here tot 'n dankoffer te wy en aan die naaste ons liefde te betoon; koninklik — om vir God te stry en eenmaal ewig met Hom te oorwin en in die saligheid te lewe".[45] Die gelowige tree in sy lewe en werk as 'n mondige mens op. Elkeen het genadegawes en hy moet dit gebruik tot nut en saligheid van die ander lede.[46] So word die gemeente byvoorbeeld opgeroep om mekaar te vermaan (Hebr. 10 : 25; Kol. 3 : 16). Hulle moet ook bemoedig, ondersteun en lankmoedigheid betoon (1 Thess. 5 : 14). Hulle moet vertroos (Fil. 2 : 1). Hulle moet hul medebroeder reghelp (Gal. 6 : 1). In Rom. 15 : 14 noem Paulus dit baie duidelik: „Maar ek self ook, my broeders, is oortuig aangaande julle, dat julleself ook vol van goedheid is, vervul met alle kennis, in staat om ook mekaar te vermaan (Rom. 15 : 14). Die Bybel ken nie die minderwaardige, passiewe, ontvangende lidmaat nie, maar die aktiewe, die wat deelname het in die agogiese moment.

Die passiwiteit van die talle lidmate laat die kerk ly aan funksieverlies wat ons sekerlik nie kan bekostig nie. Die amp van die gelowige moet na binne en buite lewe. Dit is ook 'n weg waardeur die Here die bediening van die versoening bring. „Terwyl die posisie van die kerk in ons dag al meer ooreenkoms toon met dié van die eerste eeu — 'n minderheid te midde van 'n sekulêre wêreld — sal dit loon om aandag te gee aan die plek en roeping van die gemeentelid, soos ons die riglyne daarvoor vind in die Nuwe Testament".[47]

4.2. *Die verantwoordelikheid van die mens.* Die daad van die Here: dit bly die spil waarom die agogiese moment draai. Maar, die Skrif spreek tog ook nog meer. God stel keer op keer sy handelswyse „afhanklik" van die doen van mense (Hos. 11 en ander plekke). Die Skrif leer geen Deïsme, nl. dat God ver is, en die skepping op eie stoom volgens eie wette voortgaan nie. God is die voorsienige God. Die Skrif leer ook geen determinisme nie. Van so 'n voorbeskikking waar daar geen vrye dade van die mens moontlik is nie, weet die Skrif nie, al sê hy dat die dae bepaal was voordat hulle daar was (Ps. 139). God het die mens sy eie lewe gegee en hom in vryheid gestel. As Josef se broers hom verkoop, dan is dit hulle sonde. En tog sê Josef later dat God hom na Egipte laat gaan het (Gen. 45 : 8). As die Chaldeërs Israel plunder, dan is dit hulle verantwoordelikheid (Hab. 2). Maar dan staan daar in Hab. 1 : 6: „Want kyk. Ek gaan die Chaldeërs opwek... om wonings in besit te neem wat aan hom nie behoort nie" (Hab. 1 : 6). Die kruisiging van Jesus was 'n sware

sonde, die gevolge waarvan die Jode met stormgeweld getref het. En tog was dit volgens die bepaalde raad en voorkennis van God (Hand. 2 : 23). God tree met die mens in gemeenskap (Fil. 2 : 6—8). En tog word die mens geroep om in gemeenskap met God te tree (2 Kon. 17 : 13). Christus is die voortgesette gemeenskap tussen Hom en die gelowiges (Joh. 6 : 39). En tog is dit die verantwoordelikheid van die gelowiges (Openb. 2 : 5). Die Here werk nooit buite die wil van die mens om nie. Hoeseer die gelowige ook al aangespreek word as die in Christus geheiligde volk, as die uitverkorenes en bemindes van God, mense wat die genadegawes ontvang deur en in Christus, word die mens ook aangespreek om sy verantwoordelikheid te aanvaar. In die vele vorms van Pelaganisme word die klem eensydig verskuif na die verantwoordelikheid en kiesmoontlikheid van die mens. Ons ontken die verantwoordelikheid nie, maar erken ook dat dit deel vorm van die breërliggende agogiese moment in die pastoraat. Daarom moet die groei gelowig gesien word as die werk van die Here. Maar terselfdertyd moet die appèl op die verantwoordelikheid van die mens nie uitbly nie. Die prediking van die Ou Testament en Nuwe Testament rig hom „niet alleen tot het verstand en het gemoed, maar ook tot den wil van hunner hoorders en trachten dezen door hun religieus-etische vermaningen te activeren tot gehoorzaamheid aan Gods wil".[48]

Dit is opmerklik dat die eksistensialistiese siening van die pastoraat die verantwoordelikheidsaspek radikaal verwring. Kierkegaard het gesê: vryheid is om voortdurend te kommunikeer. Buber het hierdie idee verder ontwikkel en sien lewe as „dialogies". „Lewe" is die „tussen-in" waar mense hulle met mekaar deel.[49] Dus nie meer die dankbare gehoorsaamheid nie, maar 'n vryheid wat verkry word op „eksistensiële vlak". Dit, terwyl die Bybel ons leer dat vryheid lê in die kindskap van God (Rom. 8 : 21). Ook by die empatiese identifikasie sê die eksistensialisme, gaan dit nie net om sy nood en ellende reg te verstaan nie: dit gaan om te beleef wat vir hom persoonlik waar is.[49] Dit wat die mens oproep tot verantwoordelikheid het vervaag. Schleiermacher het in sy „Theorie der religiösen Rede" gesê dat die prediker soos 'n kunstenaar objektief tot uiting bring wat subjektief in hom leef. Hy moet die inhoud van sy verhoogde religieuse bewussyn in sy rede vertolk, sodat die gelowiges as „beati possidentes"(!) hulle opnuut van hul geestelike rykdom bewus word en hulle feestelik daaroor gaan verbly. Die doel van die prediking, soos die doel van die erediens, is dan die „Belebung" en „Erhöhung" van die religieuse bewussyn van die gemeente.[50]

Ook die dialektiese teologie het 'n uitgesproke afkeer van elke vorm van prediking wat tot geestelike aktiwiteit aanvuur. In die kringe van die dialektiese teologie skyn hulle die aandring op goeie werke te beskou as verraad teen die leer van regverdigheid. Daarom word die paraenese (vermaning) in die prediking moedswillig verwaarloos. Brunner meen dat die evangelie slegs 'n indikatief bevat, en geen imperatief nie. Miskotte beskou die paraenese in die prediking as 'n uiting van die „joodse" gees. Huyser druk die waarheid egter pragtig uit: „Hij (d.i. God) plaatst Zijn volk onder een

imperatief, die gegrond is in den indicatief van Zijn voorkomende, reddende, zaligmakende, zondaarsliefde in Jezus Christus".[51]

Die pastor wat sy gemeente wil lei tot, wat Paulus noem, „'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus" (Ef. 4 : 13), sal uit die aard van die saak opbou. Die Gereformeerde pastor weet dat die uitkoms van sy prediking in Gods hand is.

## 5. Krisis en balans in die pastoraat

God tree in gemeenskap met sy volk deur middel van sy Woord en Gees. In die bediening van sy Woord maak Hy gebruik van mense wat die Woord bring, en die mense wat die Woord ontvang. Almal deel in die agogiese moment, wat inderdaad die werk van God is.

Watter rol speel die pastor?

Watter rol speel die lidmaat?

Hoe werk die Heilige Gees en die lidmaat saam?

Wat is die verhouding of verband tussen die vrymagtige beskikking van God en die verantwoordelikheid van die mens?

Watter posisie beklee hulle in die agogiese moment en in watter verhouding staan hulle onderling?

Met hierdie vrae is die krisis in die hedendaagse pastoraat aangedui:

Miskenning van die feit dat God van middels gebruik maak om sy wil te bewerk, lei tot determinisme, fatalisme, mistisisme. Miskenning dat God die Bewerker van die genade is, lei tot growwe humanisme, pantheïsme, eksistensialisme, en die bekende „Social Gospel". Ons het ook al die mag van die nuwe teologie met sy klem op „sosiale" hervormings gevoel!

Hoe mooi nederig kan dit lyk as die pastor ootmoedig verklaar dat hy tot niks in staat is nie! En dan vergeet hy dat God hom krag gee, 'n opdrag gee, én 'n appèl op sy verantwoordelikheid maak! Hoe gevaarlik is dit as die pastor-figuur begin swel en groot word, sodat die grote EK later in die sentrum staan?

Hoe ry die dialektiese teologie en sy tweelingboetie, die eksistensialistiese teologie, die koninkryk van God in die wiele deurdat hulle die appèl op die verantwoordelikheid van die mens misken?

In die chaos rondom die agogiese moment is u en ek geroep om gehoorsaam aan die Skrif, die tere, deur-God-gegewe balans te aanvaar en te bely: met groot dankbaarheid!

Met groot dankbaarheid dat Hy naas sy Woord en sy Gees, sondaarmens as dienaars roep. En dat God sy gemeente nie passiewe, onmondige ontvangers van die evangelie maak nie, maar daders van die Woord. Só word die werk van God in ons lewens gedoen!

*(Gelewer voor G.T.V., Witwatersrand, 1971)*

---

1 Sien Kitel, Gerhard (Red.): Theological Dictionary of the New Testament, Deel I (Wm. B. Eerdmans Publishing Co., Grand Rapids, 1964), bl. 128.

2 Heyns, dr. J. A.: Sterwende Christendom? (Tafelberg-uitgewers, 1969), bl. 49.

3 Firet, J.: Het Agogisch Moment in het Pastoraal Optreden (J. H. Kok, N.V., Kampen, 1968), bl. 135.
4 A.w., bl. 135.
5 A.w., bl. 141.
6 A.w., bl. 150.
7 Bolkenstein, dr. M. H.: Zielzorg in het Nieuwe Testament (N.V. Voorheen van Keulen Periodieken, Den Haag, 1964), bl. 78.
8 Firet, J.: A.w., bl. 149.
9 De Klerk, prof. W. J.: Kerk en Pastoraat (Die Evangelis, Potchefstroom), bls. 21, 22.
10 Gilhuis, dr. C.: Pastorale zorg aan bejaarden (J. H. Kok N.V., Kampen, 1956), bls. 167, 220.
11 Christelijke Encyclopedie, Deel V (J. H. Kok Kampen, 1960), bl. 398.
12 Firet, J.: A.w., bl. 24, 25.
13 A.w., bls. 25, 26.
14 Ridderbos, dr. H. N.: Het Woord, het Rijk en onze verlegenheid (J. H. Kok N.V., Kampen, 1968), bl. 215.
15 McKenzie, John G.: Guilt: Its meaning and significance (Abington Press, New York, 1962), bl. 179.
16 Heyns, dr. J. A.: Die Evangelie in Krisis (Tafelberg-uitgewers, 1966), bl. 15.
17 Elhard, Leland E.: The implications of Existensialism for Pastoral Theology, in Oglesby, William B.: The new shape of Pastoral Psychology (Abington Press, 1959), bl. 145.
18 Pop, F. J.: Bijbelsche woorden en hun geheim, Deel I (Boekencentrum N.V., 's-Gravenhage, 1957), bl. 273.
19 Ten Boom, dr. W.: Oud-Testamentische Kernbegrippen (Holland Uitgeversmaatschappij, Amsterdam, 1948), bl. 31.
20 Duvenage, dr. S. C. W.: Die navolging van Christus (Pro Rege-Pers Bpk., Potchefstroom, 1954), bl. 147.
21 Bolkenstein: a.w., bl. 70.
22 Calvijn, Johannes: Institutie (Vertaling van A. Sizoo, Naamloze Vennootschap W. D. Meinema, Delft), Deel II, bl. 378.
23 Brillenburg Wurth, dr. G.: Christelijke Zielszorg (J. H. Kok, Kampen, 1955), bl. 161.
24 Von Rad, Gerhard: Old Testament Theology (Oliver and Boyd, Edinburgh, 1965), Deel II, bl. 337.
25 Duvenage, prof. dr. S. C. W.: Die gesag van die Heilige Skrif (I.B.C., P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1967), bl. 4.
26 Morris, J. Kenneth: Marriage Counseling (Prentice-Hall Inc. Englewood Cliffs, 1965), bl. 239.
27 A.w., bl. 255.
28 A.w., bl. 174.
29 Dyk, dr. K.: De dienst der prediking (J. H. Kok, Kampen, 1955), bl. 68.
30 Spicer, James E.: The place of field experience in theological education: Clues from pastoral theology (in Oglesby — sien [17]), bl. 218.
31 Dyk, dr. K.: A.w., bl. 72.
32 Bremmer, R. H.: De Heilige Schrift als Woord Gods (in: *Die Skriflig*, nr. 1, Okt. 1966), bl. 13.
33 Runia, prof. dr. K.: Het gezag van de Schrift (in: *Die Skriflig*, Jaargang 4, nr. 13, Maart 1970), bl. 3.

34 Firet: A.w., bl. 25.
35 Bavinck, dr. H.: Gereformeerde Dogmatiek (J. H. Kok, Kampen, 1930), Deel IV, bl. 439.
36 Ridderbos, prof. dr. H. N.: De Genademiddelen in Berkouwer, prof. dr. G. C. en Toornvliet, ds. G. (Red.): Het Dogma der Kerk (Jan Haan, Groningen, 1949), bl. 520.
37 Firet: a.w., bl. 41.
38 Brillenburg Wurth: a.w., bl. 51.
39 Klink, Thomas W.: Depth perspectives in pastoral work (Prentice-Hall, Englewood Cliffs, 1965).
40 Bolkenstein: a.w., bl. 88.
41 Elhart: a.w., bls. 148, 149.
42 Klink, W.: a.w., bl. 25.
43 Elhart: a.w., bl. 150.
44 Terloops moet hier opgemerk word dat die pastor beslis nie die enigste mandaathouer van die Here is nie. Die ander ampte is ook op hul besondere wyse betrek by die agogiese. Ook die lidmate self dra besondere verantwoordelikheid vir mekaar. (Vgl. Bolkenstein: a.w., bls. 88—98).
45 Wolfaart, ds. J. A.: Kerk en amp van die gelowige (Die Evangelis), bl. 7.
46 Heidelbergse Kategismus, vr. en antw. 55.
47 Wolfaart: a.w., bl. 12.
48 Huyser, dr. Ph. J.: De Paraenese in die prediking (T. Wever, Franeker, 1941), bl. 77.
49 Elhart: a.w., bl. 140.
50 Huyser: a.w., bl. 79.
51 Sien a.w., bls. 82—85.